die wapad

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

DEEL XIV SATERDAG, 2 MEI 1959 NR. 5

**Spesiale DALRYMPLE-UITGAWE**

# DALRYMPLE OP POTCH

## REKORDS SPAT!

**EEN VAN DIE GROOTSTE gebeurtenisse in die atletiekgeskiedenis, nie net van die P.U. vir C.H.O. nie, maar ook van die hele Wes-Transvaal, vind tans op ons dorp plaas. Vir die eerste keer in agt jaar kom die keur van Suid-Afrika se studente-atlete op Potchefstroom byeen om kragte te meet om die Dalrymplebeker en die Roger Dyasonskild.**

**Pretoria, wat onlangs die byeenkoms van die Noordelike Universiteite gewen het, is die gunstelinge en reeds aan die einde van die eerste dag het hulle bewys dat hulle moeilik geklop gaan word. Stellenbosch, wat nie oor baie sterk indiwiduele deelnemers beskik nie, het 'n sterk en ewewigtige span en kan maklik vir 'n verrassing sorg. Die Witsspan, verlede jaar se wenners van Dalrymple is self 'n span wat nie buite rekening gelaat moet word nie. Die ander Universiteite beskik almal oor sterk indiwiduele atlete wat sterk mededinging sal waarborg.**

**ORGANISASIE.**

Alle eer kom die P.U.-Atletiekklubbestuur en die Sportbestuurder van die byeenkoms, mnr. J. S. K. Bosman toe vir die geslaagde wyse waarop alles in verband met hierdie byeenkoms gereël is. 'n Puik program is laat druk en die mense wat niks van 'n Dalrymplebyeenkoms af weet nie, kan dit gerus teen die minimale bedrag van 1/6 aanskaf.

### BAANNOMMERS

Wesley Perkes is gunsteling vir die 100 en 220 tree. Ben van der Linde, J. Torrance (W), Ben Piet van Zyl (U.S.), C. Thuynsma (P.U.), is egter almal manne wat deeglik rekenskap van hulle self sal gee.

In die 440 tree sal die mededinging sterk wees tussen Wesley Perkes, en Piet van Zyl, D. Barrow (W) en B. Davis (U.K.).

Oor die langer afstande word puik atletiek verwag. Perry Leary (W) is ongetwyfeld gunsteling vir die 880 tree en 1 myl. Hier ding van die sterkste atlete waaroor ons beskik mee. P. Lawrence (W) wat tydens die byeenkoms van die Noordelike Universiteite die myl in die rekordtyd van 4 min. 24.2 sek. afgelê het, A. Pittman (N), M. Walters (U.S.), T. Warner (R) en J. van der Walt behoort sterk teenstand te bied. Ook Kotie de Jager (P.U.) moet nie onderskat word in die 440 en 880 treë nie alhoewel hy te doen het met atlete soos Perkes, van Zyl en Leary.

In die hekkiesnommers lê dit tussen Klaus Schiess (W), J. Daneel (R), die O.P. rekordhouer, Peter Thorburn (W) wat al 24 sekondes oor die 220 treë hekkies behaal het en M. Hermann (U.P.) met sy beste tyd van 24.3 oor die 220 tree-hekkies.

### VELDNOMMERS

Die hoogspring vir mans beloof 'n spannende stryd tussen J. Liebenberg (O.V.-S.), H. Otto (P), J. Gouws (P) en Klaus Schiess (W) wat met die uitdunne almal op 'n hoogte van 5 vt. 11 dm. oor die dwarslat geseil het. Jacobus Roos is die gunsteling vir die paalspring waarin hy reeds 12 vt. 6 dm. behaal het. Die verspring behoort maklik ingepalm te word deur Paul Nel (U.S.), die huidige Suid-Afrikaanse kampioen, terwyl L. Hacker (W) en R. Kassier (Natal) hom sterk kompetisie behoort te bied. Ook vir die driesprong is Nel 'n gunsteling, 'n nommer waarin hy reeds 47 vt. 8¾ dm. behaal het. Nog atlete wat goed behoort te vaar, is M. Powers (U.K.), R. Casser (Natal) en J. Garsow (Wits), Vic Essakow (Wits) die huidige Suid-Afrikaanse kampioen, behoort die spiesgooi maklik in te palm.

Die mans gewigstoot beloof om een van die interessantste items van die byeenkoms te wees. Hannes Botha, die huidige S.A.U.- en ook Suid-Afrikaanse rekordhouer, behoort al drie rekords in gedrang, te laat spat. Mostert (U.P.), Faber en Casseer sal sake verder in die gewigstoot uitspook.

### DAMES

Die dames behoort mekaar in hulle items stewige kompetisie verskaf. Ook hier is die Pretoriase span die gunstelinge met welbekende atlete soos Ella Pretorius, G. Bester en Johanna Woest, wat in Wes-Transvaal goed bekend is. In die 100 en 220 tree sal moeilik te kiles wees tree sal moeilik te kies wees tussen Ella Pretorius, D. Stori (U.K.), O. Airth (U.K.) en Rina Bierman (P.U.). Die 80 meter-hekkies behoort 'n spannende wedloop te wees tussen G. de Villiers (U.S.), I. Vosloo (U.S.), G. Bester (U.P.) en Rina Bierman (P.U.).

Die mededinging in die hoogspring vir dames behoort besonder sterk te wees met atlete soos P. Henshaw (O.V.S.), R. Rooke (Natal) en Johanna Woest (U.P.). Johanna Woest, Alta de Kock (P.U.) en E. Marucchi (Rhodes) sal in 'n interessante stryd in die gewigstoot en skyfwerp gewikkel wees.

## Boodskap van die Voorsitter van die S.S.B.

Namens die Sentrale Sportbestuur van die P.U. vir C.H.O., 'n woord van hartlike welkom aan die besoekende atlete wat nou hier in ons dorp is vir die Dalrymple. Ons wil hoop en vertrou dat u, wanneer u hier weggaan, aangename herinnerings sal meeneem. Ons wil u verseker dat dit vir ons nie alleen 'n voorreg is nie, maar ook 'n plesier was om u hier te kon ontvang.

Dat die mededinging en kompetisie in egte studentegees sal plaasvind, wil ons nie betwyfel nie, en ook daarvoor sê ons as Pukke dankie; en dankie ook vir die luister wat met u koms aan ons Universiteit en dorp verleen word.

Langs hierdie weg ook die hartlike dank en gelukwensing aan die P.U.-atletiekklub met die mooi en puik organisasie van die byeenkoms. Ons spreek hier ook sekerlik namens al ons gaste, toeskouers en besoekers.

Nogmaals baie welkom in Pukkeland en opregte studentegroete!

E. J. de Jager.
Voorsitter S.S.B.
P.U. vir C.H.O.

## Die Sekretaris van die P.U.-Atletiekklub se Welkomswoord

Die eerste dag van die Dalrymple- en Dyasonskildbyeenkomste is reeds verby. Die koue weer wat ons tans in Potchefstroom ondervind, het alle atlete en besoekers laat bibber, maar wie voel die koue as die hart hierbinne warm klop van entoesiasme en blye verwagting? So wil ons alle besoekende spanne met 'n warme welkomswoord toeroep: Hartlik welkom in ons mooi dorp, Potchefstroom! Mag almal suksesvol wees op die baan, vergenoegd in die verblyf alhier, en met heimwee terugdink aan 'n aangename byeenkoms.

Dit was ons beurt om die Dalrymple te reël, dit was ons voorreg om u te ontvang en dit is ons wat reikhalsend uitsien na 'n herontmoeting op die atletiekbaan of elders.

M. J. H. du Plessis,
Sekretaris, P.U.-
Atletiekklub.

# WELKOM IN PUKKELAND!

**DALRYMPLE 1959! Hierdie woorde het ons die afgelope maande herhaaldelik óf van die atletiekklub gehoor óf in die koerante gelees.**

Die studentegemeenskap van die P.U. vir C.H.O. voel waarlik geëerd om as gashere vir hierdie byeenkoms op te tree. Atletiek is 'n baie mooi sport, maar ongelukkig word dit partykeer afgeskeep as gevolg van seisoen-moeilikhede en selfs as gevolg van die gebrek aan belangstelling. Ons wil vertrou dat hierdie byeenkoms nie net vir ons eie atletiekklub 'n positiewe aansporing sal wees nie, maar ook vir al die klubs wat hier verteenwoordig is, en dat die byeenkoms stimulerend sal inwerk op hierdie mooi sport in die geheel.

Ek wil ons medestudente van die ander Universiteite baie hartlik welkom heet hier in Potchefstroom: ons wil vertrou dat u verblyf in Potchefstroom baie aangenaam sal wees en dat u pogings op die atletiekbaan baie suksesvol sal wees: Die beste span sal wen!

Get. H. J. D. v. d. Walt.
Voorsitter
Studenteraad.

# *Dalrymple - byeenkoms:* VORIGE WENNERS

**DIE VYF-EN-DERTIGSTE INTER-UNIVERSITÊRE ATLETIEKBYEENKOMS WAT VANJAAR OP POTCHEFSTROOM GEHOU WORD, EN VANAF VRYDAG-OGGEND 10-UUR AL OP DIE OLËN-GRONDE AFGEHANDEL WORD, STAAN WEL BEKEND AS DIE DALRYMPLE-BYEENKOMS, MAAR IN WERKLIKHEID WORD DAAR OM T W E E TROFEË MEEGEDING.**

**Die twee trofeë waarom m e e g e d i n g word, is die Dalrymple-beker en die Roger Dyason-skild. Eersgenoemde is 'n wisseltrofee wat vir een jaar die eiendom is van die Universitêre manspan wat die meeste punte op die byeenkoms aanteken, terwyl die Roger Dyason-skild ooreenkomstig 'n wisseltrofee vir die beste damespan is.**


Die eerste Dalrymple-byeenkoms is in 1921 gehou. Behalwe die jare 1942-1945 is die byeenkoms elke jaar by een van die Universiteite se tuisdorpe afgehandel. Wat die Dalrymple-beker betref, het Witwatersrand tot dusver die meeste oorwinnings op hulle kerfstok, nl. 13 uit die 34. Tweede op die ranglys is die Universiteit van Kaapstad, met 10.... Stellenbosch het reeds 9 keer die beker aan hulle universiteit besorg en Pretoria se span 2 keer. Die ander kleinere universiteite, soos Natal, Bloemfontein, Grahamstad en Potchefstroom, het nog nie een keer die pyp gerook nie. Vanjaar staan Pretoria en Witwatersrand veral 'n goeie kans aangesien beide in staat was om groot spanne te stuur. Die spanne van al die ander Universiteite is egter van 'n baie hoë standaard.

Die Roger Dyason-skild vir die wennende damespan van die byeenkoms is die eerste keer in 1951 oorhandig, toe dit gewen is deur die span van Pretoria, wat dit ook vir die volgende jaar behou het. In 1953, 1954 en 1957 was Wits die wenners, terwyl Stellenbosch in 1955 en 1956 en Bloemfontein verlede jaar die skild verower het.

Statisties het Wits dus 16 oorwinnings, Maties 11, Ikeys 10, Tukkies 4 en Kovsies 1, met die mans- en damespanne as gekombineerd beskou, behaal.

## Sportman's Drink?

**Drink to me only with thine eyes**
**And I will pledge with mine.**
**Or leave a kiss within a cup**
**An I'll not ask for wine.**



Wie gaan nou weer die skuld kry?


**REBA-KAFEE**
**Tomstraat 88**

DORS?

HONGER?

Bestorm ons om kronies versadig te raak.





**U Fotograaf vir Kuns en Kwaliteit**

***ALF'S STUDIOS***

**KERKSTRAAT 133** **TELEFOON 2432**


## FINALE ITEMS

Twee finale items is op die eerste dag van die Dalrymplebyeenkoms beslis: die hoogspring en verspring vir dames. Die hoogspring is gewen deur P. Henshaw van Bloemfontein wat op 'n hoogte van 4 voet 11 duim oor die d w a r s l a t geseil het. Tweede was R. Rooke (Natal) en derde I. Lasch (Rhodes). Die verspring is gewen deur E. Marucchi van Rhodes met 'n pragtige sprong van 18 voet 0½ duim. Die tweede en derde plekke is verower deur E. Airth (U.K.) en Rina Bierman (P.U.) onderskeidelik.

## Five S.A. University Records Broken

Five S.A. University records were broken yesterday on the first day of the Dalrymple meeting at the Park oval, Potchefstroom.

The best performance of the day was undoubtedly that of Hannes Botha, the Springbok athlete, who attained 52' 5½" in the shot put. He not only bettered the S.A.U. record by 14" but also the Western Transvaal record by 30". S. Mostert, an under 19 athlete, also from Pretoria, was second and also improved upon the existing record with a put of 50' 1¾".

Paul Nel, the reigning S.A. long jump champion, of Stellenbosch, broke the S.A.U. and Western Transvaal record with a leap of 23' 8¼". He bettered the S.A. University record by 3¼" and the Western Transvaal record by 8".

Johanna Woest, the powerful Pretoria athlete, broke the S.A.U. record by 7' 2½" in the discus event by attaining a distance of 128' 3½".

The fourth S.A.U. record was broken in the mens' discus where G. van Aswegen attained 158' 6½".

A fifth S.A.U. record was established by Miss Kruger of Pretoria in the javelin with a distance of 116' 8½".

## Oor 'n Pypie

Wetenskaplikes het bewys dat dit nadelig is vir 'n sportman om kort voor 'n byeenkoms op te hou rook. Dit bly maar lekker om 'n sportman te wees. Hoera vir die Wetenskap!

## Volledige Uitslae van Uitdunne

Mededinging was besonder sterk en atletiek van 'n hoë standaard is op die eerste dag van die groot kragmeting op Potchefstroom gelewer. Die baan was aanvanklik taamlik nat, maar het vinnig afgedroog sodat die atlete nie veel gestrem is nie. Geen reën word oornag verwag nie, en sportgeesdriftiges kan hulle klaarmaak vir uitstekende prestasies op Saterdag.

Die volgende is volledige uitslae van die nommers wat gister beslis is:

Hoogspring, mans:
1. J. Liebenberg (O), 2. H. Otto (P), 3. J. Gouws (P), 4. K. Schiess (W) — 5 voet 11 duim.

100 tree, mans:
Eerste uitdun:
1. B. van der Linde (R), 2. S. Fourie, 3. J. Torrance (W) — 10.2 sek.

Tweede uitdun:
1. B. P. van Zyl (U.S.), 2. C. Thuynsma (P.U.), 3. L. Hacker (W.)—10.2 sek.

100 tree, dames:
Eerste uitdun:
1. E. Pretorius (P), 2. P. Henshaw (O), 3. R. Bierman (P.U.) — 12.1 sek.

Tweede uitdun:
1. R. de Kock (U.S.), 2. E. Marrucchi (R), 3. M. Vorster (O) — 12 sek.

Gewigstoot, mans:
1. J. Botha (P), S. Mostert (P), 3. P. Faber (U.K.), 4. J. Smit (O), — 52 vt. 5½ dm.

440 tree, mans:
Eerste uitdun:
1. D. Barrow (W), 2. S. v. Wyk (O), 3. J. de Jager (P.U.) — 50.5 sek.

Tweede uitdun:
1. B. Davis (U.K.), 2. B. P. v. Zyl (U.S.), 3. W. Perkes (R) — 49.5 sek.

Verspring, mans:
1. P. Nel (U.S.), 2. L. Hacker (W), 3. R. Kassier (N.), 4. J. Gouws (P) — 23 voet 8¼ duim.

Gewigstoot, dames:
1. J. Woest (P), 2. I. Lasch (R), 3. E. Maree — 38 vt. 8 dm.

120 tree-hekkies, mans:
Eerste uitdun:
1. N. MacDonald (R), 2. K. Schiess (W), 3. J. Rosseau (U.S.) — 15.4 sek.

Tweede uitdun:
1. R. Glover (N), 2. K. Blake (W), 3. B. Blumberg (W) — 15.3 sek.

220 tree, dames:
Eerste uitdun:
1. M. Vorster (O), 2. D. Storie (U.K.), 3. R. Biierman (P.U.) — 27.2 sek.

Tweede uitdun:
1. E. Pretorius (P), 2. R. de Kock (U.S.), 3. H. Smit (U.S. — 27.2 sek.

Paalspring:
1. P. Roos (U.S.), 2. N. Stegman (P), 3. J. van Niekerk (P.U.) — 10 voet 6 dm.

Skyfwerp, mans:
1. G. van Aswegen, 2. J. Botha (P), 3. P. Faber (U.K.) — 158 voet 6½ duim.

Skyfwerp, dames:
1. J. Woest (P), 2. A. de Kock (P.U.), 3. N. van Heerden (U.S.) — 128 vt. 3½ dm.

220 tree-hekkies, mans:
Eerste uitdun:
1. P. Thorburn (W), 2. N. MacDonald (R)—24.6 sek.

Tweede uitdun:
1. Hermann (P), 2. J. Daneel (R)—24.9 sek.

Derde uitdun:
1. M. Powers (U.K.), 2. K. Schiess (W) — 24.6 sek.

Driesprong:
1. P. Nel (U.S.), 2. M. Powers (U.K.), 2. R. Kassier (N) — 47 vt. 6 dm.

Spiesgooi, dames:
1. Kruger (P), 2. J. Woest (P), 3. L. Mynhardt (O), 4. I. Lasch (R) — 116 voet 8½ duim.

Spiesgooi, mans:
1. J. Breytenbach (U.S.), 2. V. Essakow (W), 3. G. van Aswegen (P) — 172 vt.

220 tree mans:
Eerste uitdun:
1. B. van der Linde (R), 2. C. Thuynsma (P.U.), 3. B. Davis (U.K.)—22.2 sek.

Tweede uitdun:
1. W. Perkes (R), 2. B. P. van Zyl (U.S.), 3. L. Hacker (W.) — 22.2 sek.

## BRAAIVLEIS

Die atlete van die verskillende Universiteite is Vrydagaand by die Gholfbaan op 'n baie gesellige braaivlies-funksie deur die Stadsraad van Potchefstroom onthaal.

Die kompetisiegees is op n' weldeurdagte wyse verskuif van die atletiekbaan na die vleis- en pappotte van Pukkeland.

'n Mens wonder of die Wes-Transvaalse mieliepap enige uitwerking sal hê op vandag se prestasies!

## Vandag op Park

Die verrigtinge op Park Ovaal neem Saterdag, 1.30 nm., 'n aanvang met 'n optog van al die atlete onder leiding van die Gimnasium Kadetorkes.

Die atletiek begin om 2.00 nm. stiptelik en dan kan die toeskouers maar regskuif vir groot sake.



"I'VE ALWAYS WARNED HIM AGAINST THE HABIT OF BLIND FLYING"

Gedruk deur ENSLINS, Potgieterstraat 31, Potchefstroom.